FEEDTEK

# FOKUS

201403

## AFRONDING VAN BEESTE MET FEEDTEK

Deur Ewie Coetzee (Pri.Sci.Nat)



Boere kan baie waarde toevoeg tot speenkalwers asook uitskot koeie en dus winsgewendheid verhoog deur hierdie diere self uit te groei en af te rond. Afgeronde diere behaal beter pryse in die mark omrede hulle beter uitslag. Afgeronde diere behoort verkieslik op karkas gewig bemark word aangesien hulle heelwat hoër uitslag as onafgeronde diere (tipies word uitslag persentasies van 52 – 56% behaal teenoor 46 – 48% vir onafgeronde diere).

**Afgeronde diere behaal beter pryse in die mark omrede hulle beter uitslag.**

Die hoof faktore wat bepaal hoe diere afgerond behoort te word sluit in:

- Die hoeveelheid weiding wat die boer beskikbaar het vir nie-produserende diere
- Die hoeveelheid tyd wat die boer beskikbaar het (afhanklik van sy kontant vloei situasie en teiken datum vir bemarking)
- Die pryse en beskikbaarheid van energiebronne (grane en graan byprodukte)
- Die huidige asook verwagte vleispryse

Afhangend van bogenoemde faktore kan boere hulle diere uitgroei en afrond op stelsels wat wissel van ekstensief tot intensief.

| | Ekstensief | Semi-intensief | Intensief |
|---|---|---|---|
| Weiding | Vrylik beskikbaar | Beperk beskikbaar | Nie beskikbaar |
| Tyd | Tyd nie beperkend nie | Tyd ‘n faktor | Tyd baie beperkend |
| Pryse van energiebronne | Hoog | Medium | Laag |
| Vleispryse | Laag | Medium | Hoog |

## Ekstensiewe stelsel

Volop weiding is beskikbaar. Weiding word aangevul met 'n energielek met 'n inname van tussen 1000 – 1500 gram per kop per dag. Groeitempo sal grootliks afhang van die kwaliteit en kwantiteit beskikbare weiding, maar behoort tipies te wissel tussen 500 – 1000 gram/kop/dag.

**Voordele van hierdie stelsel:**

- Lae finansiële risiko vanweë hoë verhouding van goedkoop gras teenoor konsentraat wat gebruik word
- Hoë marge bo kragvoerkoste
- Diere groei in raam uit – is 'n uitstekende manier om diere voor te berei vir intensiewe afronding
- Relatiewe lae vlakke van bestuursinsette word vereis (is relatief eenvoudig)
- Baie lae kans vir verteringsteurnisse soos suurpens en opblaas
- Min fasiliteite benodig, slegs lekbakke op weiding.

**Nadele van hierdie stelsel:**

- Diere vat 'n langer tyd om uit te groei wat negatiewe kontant vloei implikasies kan hê
- Groter risiko vir verliese weens diefstal
- Uitslag persentasies nie so hoog as met meer intensiewe stelsels nie.

## Semi-intensiewe stelsel

Die boer het beperkte weiding (of kuilvoer en/of hooi) wat met beperkte hoeveelhede kragvoer aangevul word. Ruvoer word aangevul met 'n veld groeimeel met 'n inname van tussen 2 – 4 kg/kop/dag. Groeitempo sal afhang van beide die kwaliteit van die beskikbare ruvoer sowel as die konsentraat, maar behoort tipies te wissel tussen 750 – 1250 gram/kop/dag.

**Voordele van hierdie stelsel:**

- Steeds relatiewe lae finansiële risiko vanweë beperkte gebruik van konsentrate
- Steeds relatief hoë marge bo kragvoerkoste
- Diere groei relatief vinnig uit
- Steeds relatiewe lae vlak van bestuursinsette
- Steeds relatief lae kans vir verteringsteurnisse soos opblaas en suurpens
- Fasiliteite steeds relatief goedkoop en eenvoudig

**Nadele van hierdie stelsel:**

- Diere neem steeds relatief lank om uit te groei wat kontant vloei implikasies het
- Steeds relatiewe hoë risiko van verliese weens diefstal

## Intensiewe stelsel

Die boer het nie toegang tot weiding vir hierdie diere nie en rond die diere intensief af in 'n klein kamp of voerkraal. Die minimum hoeveelheid ruvoer word bygevoer (om die grootpens te onderhou) en die maksimum hoeveelheid kragvoer word onbeperk gevoer. Groei is in hoofsaak afhanklik van die kwaliteit van die kragvoer, maar wissel tipies tussen 1200 – 1600 gram/kop/dag.

**Voordele van hierdie stelsel:**
- Diere groei vinnig uit – laagste impak op kontantvloei
- Laagste risiko vir diefstal
- Hoogste uitslag persentasie – beste prys vir karkas.

**Nadele van hierdie stelsel:**
- Hoë vlak van bestuurinsette
- Hoë risiko van metaboliese steurnisse (opblaas en suurpens)
- Hoë finansiële risiko weens hoë insetkostes vir kragvoer
- Laagste marge bo kragvoerkostes.

Die onderstaande tabel wys voorbeelde van 'n energielek, veldgroeimeel, afrondmeel en volledige afrondvoer wat gemeng kan word met Feedtek konsentrate en mieliemeel/hominy chop. Al hierdie mengsels is volledig gebalanseer en voldoen aan alle voedingsbehoeftes van vinnig groeiende vleisbeeste.

| Grondstof | Energie Lek | Veld Groei Meel | Afrond Meel | Volledige Afrondvoer |
|---|---|---|---|---|
| Mieliemeel/ Hominy Chop | 700 | 750 | 700 | 700 |
| Melassemeel | 80 | 80 | 80 | 80 |
| Grashooi (gemaal) | | | | 200 |
| Sout | 150 | 100 | | |
| Veldgrazer 128 | 75 | | | |
| Beef Gainer 110 | | 72 | 36 | 36 |
| **Totaal (kg)** | **1005** | **1002** | **816** | **1016** |
| **Samestelling (%)** | | | | |
| Proteïen | 15,8 | 14,6 | 12,5 | 11,5 |
| Proteïen vanaf NPN (% van totaal) | 60,6 | 54,2 | 38,7 | 34,1 |
| Kalsium | 1,1 | 1,0 | 0,7 | 0,6 |
| Fosfaat | 0,6 | 0,4 | 0,3 | 0,3 |
| TVV (Energie) | 62,4 | 66,6 | 76,8 | 71,5 |
| **Inname – beeste (kg/dag)** | **1 – 1,5** | **2 - 4** | **onbeperk** | **onbeperk** |

## Basiese bestuursbeginsels tydens afronding

- Diere behoort geleidelik aangepas te word op al hierdie lekke en voere. Pas diere op die energielek en veldgroeimeel aan deur vir die eerste 7 dae die vlak van sout te verdubbel voordat na die finale mengsel oorgeskakel word
- Wanneer lekke gevoer word is dit baie belangrik dat voldoende vlakke van weiding en/of ander ruvoer ten alle tye onbeperk beskikbaar is om verteringsteurnisse te voorkom. Die kwaliteit van die weiding/ruvoer moet goed wees om voldoende inname daarvan te verseker
- Pas diere geleidelik aan op die afrondmeel en volledige afrondvoer deur op dag 1 met 1 kg per kop te begin en dit daagliks met 'n verdere kilogram voer te vermeerder tot daar vir ten minste 3 voedings voer in die bakke oorbly. Daarna kan die bakke volgehou word. Voldoende vreetspasie is baie belangrik tydens die aanpassingsperiode – verseker 'n minimum kripspasie van 200 mm per kop. Goeie kwaliteit ruvoer moet ten alle tye tydens die aanpassingsfase asook vir die totale voerperiode op die afrondmeel onbeperk langsaan beskikbaar wees.
- Melassemeel kan met melassestroop vervang word indien verkies.
- Inname van beide die energielek sowel as veldgroeimeel behoort gereeld gemonitor te word om te verseker dat diere nie te min of te veel inneem nie. Dit word gemeet deur 'n bekende hoeveelheid lek uit te sit en dan die lek wat na ten minste 7 dae oorbly terug te weeg. Die lek ingeneem word dan deur die aantal dae en aantal diere gedeel om daaglikse inname per kop te bepaal.
- In geval van oorinname (op voorwaarde dat voldoende weiding en/of ruvoer beskikbaar is) kan die boer
    - 50 kg/ton mieliemeel/hominy chop met sout vervang
    - Die lekbakke so vêr as moontlik van die waterbakke skuif
    - Die beskikbare kripspasie per kop verlaag
- In die geval van onder inname word die teenoorgestelde gedoen.
- Lekbak spasie behoort ten minste 100 mm per kop te wees vir beeste.
- Alle diere behoort voor hulle uitgegroei of afgerond word vir interne parasiete behandel te word en 'n gesondheidsprogram soos voorgeskryf deur 'n veearts moet gevolg word om die beste groei en voeromset te verseker.

## Die ekonomie van afronding

Ekonomie van afronding hang grootliks af van die pryse betaal vir graan asook pryse ontvang vir vleis. Aangesien marges klein kan wees (of selfs negatief onder sekere omstandighede) is dit van kritiese belang dat die boer kundige advies van 'n professioneel geregistreerde veekundige vra voor besluite geneem word. Dit is ook baie belangrik om die diere (of ten minste 'n verteenwoordigende groep van 10%) op 'n gereelde basis te weeg om te verseker dat teiken groei behaal word. Soek betyds professionele hulp indien die syfers nie klop nie.

## Waarom behoort Feedtek produkte gebruik te word?

Die Feedtek makrovoormengsels bevat al die kritiese mikro voedingstowwe benodig deur die moderne hoë produserende dier in een handige klaar gemengde pak sonder enige draers, vesel, natuurlike proteïene of energie. Dit minimaliseer dus vervoerkoste per eenheid voedingstof. Geen afweeg van kritiese mikro bestanddele is nodig nie. Dit stel die boer instaat om maksimaal van self- of lokaal geproduseerde energie- en proteïenbronne gebruik te maak. Aangesien die energie- en proteïenbronne nie deel van die konsentraat uitmaak nie, kan voere baie maklik aangepas word vir verskillende fases van afronding sonder dat dit nodig is om die makrovoormengsel te verander.

**Vir enige verdere navrae kontak gerus die outeur by:**

**E-pos: formufeed@lando.co.za**
**Selfoon: 082 459 7117.**